Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

2 Mei 2021

09:30 EREDIENS/INTYDSE UITSENDING
Ds. Piet

Ons kan so vasgevang raak in ons eie denke en optrede dat ons heeltemal perspektief verloor oor wat aan die gang is in ons geestelike lewe. En wanneer dit sleg gaan kan ons so blind wees vir ons eie verantwoordelikheid in die saak. Dit is darem net makliker om ander mense of omstandighede of God te blameer vir dit wat met my gebeur. Ons besef nie dat ons self die grootste oorsaak van ons ellende is nie. Daarom sê ons Vader vanmore vir ons:

Tema: Jou ongehoorsaamheid bring ellende wat jou na Christus laat roep.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 91 – 1: 1, 2, 5 en Ps. 92 – 1; 1, 2, 3, 4

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Ps. 95 – 1: 1; Votum; Seën; Loflied: Ps. 95 – 1: 2, 3, 4; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Gebed;
Skriflesing: Deut 27 :1 – 26
Deut 28 : 1 – 9
Deut 28 : 15 – 24
Deut 28 : 58 – 61
Spreuke 1: 24 – 33
Spreuke 6 : 27 - 33
Teksvers: Deut 27 : 9 - 14
Sing: Ps. 99 – 1: 1, 4, 5; Woordverkondiging

Ons verootmoedig ons voor God
Wet word gesing en beurtelings voorgelees:
Sb 9 – 1: Gemeente sing vers 1
Voorleser 1:verse 2, 4, 6, 8, 10
Voorleser 2: verse 3, 5, 7, 9
Vers 11 – Gemeente sing almal saam

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawes by die deure; Sing: Ps. 107 – 1: 8, 9, 10; Seën; Amenlied: Sb. 13-2

18:00 AANDDIENS: Ds Piet

Wens jy ook soms dat jy net oor kan begin in jou verhouding met God. Dat jy kan regmaak wat verkeerd geloop het en van nuuts af weer kan begin bou aan jou verhoudinge. Ook met die mense in jou lewe?
Ons Vader leer ons vanaand:

Tema: Deur middel van versoening kan ons altyd weer van nuuts af begin, met God en met ons naaste.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Ps. 32 - 1: 1; Votum; Seën; Sing: Ps. 40 - 1: 1, 2 (tweede melodie); Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Levitikus 10: 1 - 3 en Levitikus 16
Teksvers: Levitikus 16: 21 en 22
Woordbediening

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Sing Ps. 65 - 1: 2, 3; Seën; Amenlied Sb. 13 – 3.

Liefdegawes by albei eredienste: Vir die Diakonie en die Emeritusfonds.

MEELEWING

- Esta du Plooy (Groep 27 - 082 532 3510) is die afgelope week uit die hospitaal ontslaan en sterk tuis aan met behulp van ‘n suurstofmasjien.
- Anna Smith (Groep 30 - 082 765 9813) se suster in Namibië is oorlede. Ons dink spesiaal aan hulle as familie.
- Ria Robberts (Groep 10 - 082 444 7544) ondergaan Dinsdag ‘n groot rugoperasie in Pretoria en sal dan vir die duur van die herstelfase daar bly.
- Simon du Plooy (Groep 3 - 082 800 8372) het COVID-19 opgedoen en word tuis behandel.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenddiens
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
18:00 Aanddiens

Maandag
SKOLE OPEN
17:30 Diakonie: Dagbestuur & DG-leiers
18:00 Oosdopperfees
19:00 Bedieningsdiensgroep

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
17:00 Eiendommediensgroep
17:15 Katkisasie Gr 11

Woensdag
17:15 Katkisasie Gr 8
18:00 Katkisasie Gr 9
18:30 Katkisasie Gr 10

Donderdag
18:00 Elim Bybelstudie

Vrydag
18:00 Bybelkennis vasvra-kompetisie

WOORDBEDIENING - BEPLANNING VIR DIE KWARTAAL

Ek beplan om volgende Sondag te begin met ‘n reeks preke uit Esra en Nehemia. Twee besondere boeke wat handel oor die terugkeer van die volk Israel na hulle land na die 70 jaar ballingskap in Babel. ‘n Klein

klompie mense keer terug - die tweede reis na die beloofde land - nou vanuit ‘n heel ander rigting en met ‘n heel ander toekoms-verwagting. Dit handel oor die herbou van mense se verhouding met God en die herbou van die stadsmure as simbool van bouwerk aan God se koninkryk.

Ek meen dat die twee boeke vir ons baie lig kan werp op God se wil vir ons as kerk in ‘n tyd wat ons as’t ware terugkeer na ons “normale kerklike lewe” met die afloop van COVID-19. Wat is dit wat nou belangrik is? Wat moet eerste gebeur en wat is die implikasies van die herstel van ons kerklike lewe in verhouding met God?

Ek sal in die loop van die week per e-pos vir alle huisgesinne ‘n dokument stuur met agtergrond oor die twee boeke. Lidmate kan solank die twee boeke saam deurlees asook die boeke Haggai, Sagaria en Maleagi. Hierdie profete het in hierdie terugkeertyd opgetree en baie sterk leiding aan die volk gegee.

My bede is dat die gestruktureerde Woordverkondinging ons as gemeente sal opbou in die geloof.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag 2 Mei

Sr Lien Kruger **(74)**	072 458 0250
Ds Koos Mouton **(73)**	082 925 3959
Br Zak v Heerden	060 333 9410

Maandag, 3 Mei

Sr Susan Velloen	081 580 6688

Woensdag, 5 Mei

Sr Yvonne Coetsee **(89)**	082 775 1950
Sr Marlize v Deventer	082 822 8053

Donderdag, 6 Mei

Jsr Lara Naude	
Sr Rita Venter	076 094 5042

Vrydag, 7 Mei

Jsr Zara Bezuidenhout	082 335 3304
Sr Simonè du Toit	083 609 3689
Br Willie v Vuuren	072 143 0170

Saterdag, 8 Mei

Sr Tilla Botha	072 445 3506
Jsr Tineke Coetzee	
Br Boet Schoeman	082 927 0012

OOSDOPPERFEES

Gemeente, ons komitee is hard aan die werk om hierdie jaar, met u ondersteuning ‘n groot sukses van die Oosdopperfees te maak! Daar is vandag hulplyste in die voorportaal van die Skuur. Doen asseblief moeite om betrokke te raak en u naam op te skryf waar u kan help! Vind ook ‘n Dankbaarheidslys in die Dienelkander - daarop kan u skenkings en ook u hulp aandui. Skenkings moet asb saam met die lyste, nie later as 23 Mei ingehandig word!

BYBELVASVRAE
7 MEI 18:00

Ons nooi groepe om in te skryf vir die Bybelvasvrae: Familiegroepe, kleingroepe, Bybelstudiegroepe, vriende-

groepe, ens. Hoe groter die groep, hoe groter is julle kans om te wen!
Die wen-span kry ‘n verrassing en natuurlik “bragging rights”! Daar is ook ‘n verrassing vir die beste spannaam.
Verversings beskikbaar of bring jou eie kruik water of wyn, 3 vissies en 5 broodjies!
RSVP: 4 Mei om 12:00 by Erasmus (076 090 4459)
Stuur spanname en lede aan Erasmus of Adele

BYBELLEES PROJEK

Week 16 (3 – 9 Mei)

Maandag: Spreuke 23: 1 – 25:28
Dinsdag: Spreuke 26:1 – 28: 28
Woensdag: Spreuke 29:1 – 31:31
Donderdag: Prediker 1:1 – 4:16
Vrydag: Prediker 4:17 – 8:17
Saterdag: Prediker 9:1 – 12:14
Sondag: Hooglied 1:1 – 8:14

Stuur jou klagtes of gedagtes, enige navrae of versoeke aan Erasmus Venter by 076 090 4459 of stuur ’n e-pos aan eav.venter@gmail.com

ONS BESTUDEER DIE BELYDENISSKRIFTE

Enige lidmaat is steeds welkom om Donderdagaande om 18:00 vir 18:30 in Elim, hierby in te skakel! Onthou jou Bybel, Psalmboek en Masker.

OUETEHUISE-PROJEK: GROEP 30

Groep 30 begin met ‘n projek waar hulle pakkies maak vir die inwoners van ons Ouetehuise. Die pakkies bestaan uit ‘n waslap, seep, lyfroom en ietsie bederf. Lidmate is welkom om by te dra vir die projek. Pakkies of items kan tot en met einde Mei by die kerkkantoor afgegee word hiervoor.

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Erasmus Venter – 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele– 018 290 7690 / 082 532 8658 - kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

KENNISGEWINGBORD

- Woonstel te huur: Groenwilgers Aftree-oord

SUSTERS IN DIE GELOOF

HOOP IN 'N WÊRELD WAT MET HOPELOOSHEID GEVUL IS.

1 PETRUS 1: 3-4 "...NOU HET ONS 'N LEWENDE HOOP....."

TEESKINKGELEENTHEDE

Selfhelpkoffie en -tee word vandag deur die volgende groepsusters en hul groeplede aangebied:

- Nicolette Visser en groep 4, Naetta v Zyl en groep 12, Mari Steyn en groep 21, asook Marie du Plessis en groep 30.

Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opruiming help!

- Volgende week bied Sonette Turkstra en groep 5, Estelle v Hamburg en groepe 13 en 23, asook Engela vd Walt en groep 31 se susters tee aan. Baie dankie julle!

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

Oosdoppertjies

Johannes 3:16
Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

Ons verhouding tot God is 'n geloofsverhouding, 'n saak van die geloof, nie van aanskoue nie. Dit sê ook die Hebreërskrywer in sy hoofstuk oor die geloof, "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."

Dit maak geloof so moeilik. Maar gelukkig verstaan God ons behoefte om iets tasbaars te hê om aan vas te hou. Daarom hang ons geloof nie in die lug nie, want God gee vir ons sigbare dinge om ons te verseker dat ons nie besig is om ydele drome na te jaag nie. Die Bybel is vol daarvan - die reënboog as teken aan Noag, die besnydenis as teken van die verbond met Abraham en sy nageslag, die doop as verbondsteken vir die kerk van die Here Jesus - en toe God Gideon roep, gee Hy hom verskeie tekens om hom te verseker dat hy nie droom nie.

Twyfel jy soms? Hou dan vas aan jou doop. God verseker jou daarmee: Hy het jou regtig lief!

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK

VIVIERS INGELYF

PROKUREURS

Skakel Pierre Viviers vir die volgende regsdienste:

* Opstel van testamente * Boedel- en aftreebeplanning * Bereddering van bestorwe boedels * Stigting van trusts * Registrasie van onroerende eiendom * Siviele litigasie – Hoë- en Landdroshof * Skuldinvorderings * Huweliksvoorwaardeskontrakte * Lugvaartregsdienste * Lugvaartversekering – FSP nommer 43890	**Eerstevloer** **Octrongebou** **James Morokalaan 62** **Potchefstroom** **☎ (018) 297-5201 k/u** **pierre@viviersattorneys.co.za**